

Dinsdag 6 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 8

Fokusgedeelte: Openbaring 8:4, 5

God antwoord die gebede van die gelowiges!

Voordat die sewe engele op hulle trompette begin blaas (wat God se oordele aankondig), verskyn daar 'n ander engel en hy gaan staan by die altaar met 'n goue wierookbak.

In Levitikus 16 lees ons dat die hoëpriester een keer per jaar na die altaar gegaan het en die wierookbak vol gloeiende kole gemaak het. Daarna het hy fyngekapte wierook op die kole gegooi. Die rook van die wierook het die hele tempel gevul en saam met die bloed van die offerdiere was dit 'n teken dat die volk se sondes vergewe is en dat hulle met God versoen is.

En nou lees ons in Openbaring 8 dat 'n engel by die altaar staan met 'n wierookbak vol gloeiende kole. Hy het die wierook gemeng met die gebede van die gelowiges en dit op die kole van die wierookbak gegooi. Die rook van die wierook het toe saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God.

Die wierook simboliseer die voorspraak van Jesus Christus. Jesus Christus vra dat God ons sondes sal vergewe omdat Hy daarvoor betaal het, en sy voorspraak maak dat God ons gebede wil verhoor. Ons gebede is vir Hom soos wierook; dit is vir God 'n plesier om ons te hoor!

Daarom, moenie ophou om te bid nie. God wil na jou luister. Hy wil in 'n verhouding met jou leef. Hy wil hê dat jy met Hom praat. Jesus se voorspraak maak dit alles moontlik.

Ons gebede het 'n baie belangrike plek in die wêreldgeskiedenis. Ons gebede, al is hulle klein en swak, speel 'n belangrike rol in dit wat met die wêreld gebeur. God maak dit deel van sy plan met die wêreld en sy oordele in die wêreld. Hoe dit presies werk, kan ons nie verstaan nie – daarvoor is ons menslike verstand te klein. Die troos wat ons het, is dat die almagtige God graag na sy kinders luister. Gebruik dus hierdie voorreg om elke dag tot God te kan bid – bid dat Hy regverdig sal oordeel en dat sy koninkryk sal kom.

Sing: Skrifberyming 10-2

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)